# HOOFSTUK 7

## DIE LESSIE VAN HIERDIE STORIE IS ...

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS, LEEMTES EN AANBEVELINGS

**AGTERGROND VAN HIERDIE HOOFSTUK**

Kwalitatiewe navorsingstudies verskaf inligting rakende fenomene wat nagevors word. Indiepte onderhoude tussen terapeute en kliënte tydens kruiskulturele terapie mag belangrike beskrywende data bevat van suksesvolle asook onsuksesvolle pogings tydens die terapie wat ook die rol en vaardigheid van die spesifieke terapeut insluit (Fuertes, 2001: 3-13).

Semmler en Williams (2000: 51-61) wys daarop dat navorsing tot op hede op die kruiskulturele beradingsterrein gebrekkig is. Hulle meen dat navorsingsondersoeke ingelui behoort te word aan die hand van voorbeelde van suksesvolle gevallestudies – iets wat die navorser probeer aantoon het in hierdie studie.

Die navorser vertrou dat in hierdie hoofstuk sal blyk dat 'n beskeie bydrae tot hierdie terrein in die onderhawige studie gelewer is.

In hierdie hoofstuk sal:

- die studie saamgevat;
- gevolgtrekkings gemaak;
- leemtes uitgewys; en
- aanbevelings gemaak word.

## 7.1 INLEIDING

Seksuele mishandeling laat 'n letsel op die lewe van die individu. Menige kliënte wat aanmeld met 'n geskiedenis van seksuele mishandeling, rapporteer dat dit nie die eerste keer is dat hulle hulp soek vir die 'probleem' nie.

Verskeie verklarings kan hiervoor aangebied word. Wat onder meer duidelik na vore tree, is die feit dat hierdie kliënte nog nie **emosionele sluiting** op hierdie traumatiese gebeure gekry het nie en dat hulle nog nie tot 'n antwoord op die gebeure gekom het nie. Hulle kan nog steeds net rapporteer wat die probleem se invloed op hul lewe is en nie watter invloed hulle op die probleem uitoefen nie.

In hierdie studie is 'n potensiële raamwerk ontwerp waarvolgens adolessente gelei kan word om emosionele sluiting te vind. Adolessente, is vanweë die ontwikkelingsfase waarbinne hulle hulself bevind, dikwels nie in staat om afstand te neem van gebeure nie as gevolg van die emosionele intensiteit van hul gevoelens en 'n gebrek aan hanteringsvaardighede. Slagoffers van seksuele mishandeling kan nie verantwoordelikheid aanvaar vir dit wat met hulle gebeur het nie. Hulle behoort egter verantwoordelikheid aanvaar vir hul eie genesing en voorsorg tref dat die gebeure van seksuele mishandeling nie die storie van hul lewe word nie. In hierdie studie is daar gefokus op adolessente wat seksueel mishandel is:

- eerstens, omdat hulle nog volgens Erikson in die fase van identiteitsvorming is wat gekenmerk word deur die gelyktydige prosesse van refleksie en observasie (individue beoordeel hulself op grond van hoe hulle waarneem ander hulle beoordeel in vergelyking met hulself; op hul beurt beoordeel hulle dan weer ander op grond van hoe hulle hulself sien); en
- tweedens, sodat daar 'n ingreep op terapeutiese vlak gemaak kan word voordat hulle as volwassenes die wêreld betree en destruktiewe gedrag as gevolg van die seksuele mishandeling in verhoudings in hul eie lewe voortgesit kan word.

Die voortgesette impak van seksuele mishandeling op die adolessente se lewe kan op hierdie manier onderhandel word en hulle kan self 'n besluit daaroor neem.

Ten einde 'n oorsig te verskaf oor die studie word:

- die doel van die studie weer kortliks saamgevat (7.2);

- 'n samevatting van die kern van elke hoofstuk met 'n aantal gevolgtrekkings by elkeen (7.3.1) weergegee;
- die empiriese studie (7.3.2) kernagtig saamgevat;
- gevolgtrekkings gemaak (7.4);
- die leemtes (7.5) van die studie uitgewys; en
- aanbevelings (7.6) gemaak ten opsigte van verdere navorsing.

## 7.2 DOEL MET DIE STUDIE

Die navorser het die volgende navorsingsdoelwitte vir hierdie studie in hoofstuk een gestel:

- Eerstens wou die navorser vasstel of seksuele mishandeling binne kruiskulturele konteks verskillend ervaar en vertolk word en hoe dit impakteer op die voltooiing van die ontwikkelingstake deur die adolessent.
- Tweedens sou ko-terapeute gebruik word in die herskryf van die selfnarratief ná seksuele mishandeling. Daar sou ondersoek ingestel word na die mate waartoe 'n ander slagoffer, wat reeds die trauma moes geïntegreer het, positiewe invloed kan uitoefen op iemand wat nog nie die trauma van seksuele mishandeling verwerk het nie.
- Derdens wou die navorser vasstel of sekere vorme van seksuele mishandeling wel minder impakteer op 'n slagoffer se lewe as ander vorme van mishandeling al dan nie.
- Vierdens sou die navorser wou aantoon hoe kliënte aktief kan deelneem aan die fisiese herskrywing van die alternatiewe storie van hul lewe.
- Vyfdens sou die navorser wou aantoon dat narratiewe terapie funksioneer as 'n aksie- en insiggeoriënteerde terapievorm.

Hierdie studie was dus eerder ondersoekend as verklarend van aard en was gevolglik gerig op die generering van hipoteses eerder as op hipotesetoetsing. Die mate waartoe die navorser potensieel geslaag het al dan nie om hierdie doelwitte te bereik sal in hierdie hoofstuk onder 7.4 aangetoon word.

Die hoofdoel met hierdie studie was dus om narratiewe terapie te administreer aan die adolessent wat seksueel mishandel is vanuit die invalshoek dat kliënte nie net die eksperte in hul eie lewe is nie, maar ook die ekspert is wanneer hulle die narratief van hul lewe moet herskryf. Onderliggend tot hierdie doel was die oogmerk om aan te toon dat

terapeute narratiewe terapie suksesvol op kruiskulturele gebied kan aanwend. 'n Verdere belangrike aspek van hierdie studie was om aan te toon dat kliënte 'n aandeel het in hul eie genesing en dat hulle self 'n keuse moet uitoefen oor die verloop van die res van hul storie. Met dit in gedagte het die navorser aan die einde van die terapie saam met die kliënte opgetree as ko-outeur ten einde hul storie te boekstaaf.

Die narratief, wat deur die terapeut saamgestel is, is aan kliënte verduidelik en terapie is aan die hand van hierdie narratief gevolg. Dikwels is daar teruggekeer na 'n vorige stadium in die narratief wanneer dit vir die kliënt nodig was om daarnatoe terug te verwys. Wanneer sekere gedragsmodifikasies aangebring moes word, is daar tegnieke van ander terapiebenaderings 'geleen' tot voordeel van die terapeut en kliënt.

Geen terapievorm bestaan en funksioneer in 'n vakuum nie. Die leser sal dus telkens tydens die lees van die gevallestudies komponente vanuit die tradisionele hoofstroombenaderings herken. Voorstanders van narratiewe terapie huldig die mening dat insluiting beter is as uitsluiting. Vanuit hierdie beginsel was die navorser dus vrymoedig om aansluiting met ander benaderings te gebruik tot voordeel van die kliënt en tot uitbreiding van narratiewe terapie as benaderingsvorm.

## 7.3 SAMEVATTING VAN DIE STUDIE MET DIE OOG OP AANBEVELINGS

Die studie het soos volg verloop:

### 7.3.1 DIE LITERATUURSTUDIE

Ten einde die navorsingstema wat in hierdie studie ondersoek word, te begryp, is enkele begrippe in **hoofstuk 1** verhelder. Dié begrippe blyk direk of by implikasie vanuit die titel, naamlik: 'n Ondersoek na kruiskulturele, narratiewe terapie vir adolessente wat seksueel mishandel is. 'n Probleem is geformuleer aan die hand van enkele navorsingsvrae wat gevra is. Metodologiese verantwoording oor die denkverloop van hierdie studie is gedoen om die verloop daarvan duidelik te stel.

Gevolgtrekking: Die aktualiteit van hierdie studie is binne die Suid-Afrikaanse konteks verantwoord. 'n Duidelike uiteensetting oor die verloop van die studie is gemaak.

**Hoofstuk 2** handel oor geselekteerde benaderings wat gevolg kan word in terapie. In elke terapie word komponente van terapieë uit ander benaderings herken. Die navorser gaan van 'n eklektiese standpunt uit met narratiewe terapie as kernbenadering. Tegnieke word aanvullend tot mekaar gebruik. Watchtel (2000: 441-451) wys daarop dat 'n nuwe tendens in psigoterapie aangebreek het wat in pas is met die 'nuwe millenium'. Dit behels 'n swaai na 'n essensiële multipolariteit waar daar 'n integrering en kombinering van die verskillende benaderings is.

Gevolgtrekking: Die navorser het 'n seleksie uit die insig- en aksiegeoriënteerde terapieë voorgehou wat oorwegend deur haar gebruik is in samewerking met narratiewe terapie.

In **hoofstuk 3** is narratiewe terapie binne kruiskulturele konteks bespreek. Die belewings van wit, bruin en swart respondente is in hierdie studie gebruik. Kruiskulturele psigologie bestudeer 'n wye spektrum fenomene wat verband hou met menslike gedrag. Die karaktereienskappe van kruiskulturele psigologie is die verifiëring van beperkinge ten opsigte van kennis en deur ondersoek in te stel na die toepassing of beskikbaarheid van kennis by mense uit verskillende kulturele agtergronde. Die komponente van narratiewe terapie soos dit in hierdie studie gebruik is, is bespreek. Die narratiewe benadering tot terapie erken kliënte as die eksperte van hul eie lewe. Slegs kliënte kan besluite neem rondom hul eie lewe en die besluite deurvoer. Indien kliënte nie hulself kan verantwoord ten opsigte van 'n gegewe probleem nie, bly die uitkoms hulle ontwyk en het die probleem mag oor die persoon in plaas daarvan dat die persoon mag het oor die probleem.

Gevolgtrekking: Aangesien die narratiewe terapeut vanuit 'n *not knowing*-benadering werk, is hierdie benadering geskik vir gebruik by kruiskulturele kliënte. Die terapeut hoef nie noodwendig 'n kenner te wees ten opsigte van die kultuur nie, want die terapeut leer ook van die kliënt.

In **hoofstuk 4** is die ontwikkelingsfase "adolessensie" bespreek. Die navorser het kortliks verwys na verskeie teorieë oor adolessensie. Die navorser kies egter die psigososiale teorie van Erikson vir die doeleindes van hierdie studie. Volgens Erikson is die

belangrikste opgaaf tydens adolessensie die vestiging van 'n eie identiteit. Selfaanvaarding staan sentraal in die aanneem van 'n eie identiteit. Slegs wanneer vroeëre konflikte op 'n gesonde manier opgelos en geïntegreer is, ontstaan 'n gereedheid om die 'identiteitskrisis' die hoof te bied. Sekerheid oor 'n eie identiteit en 'n gereedheid om toekomsplanne in werking te stel, is 'n bewys van suksesvolle integrasie. In teenstelling hiermee is tekens van verwarring, 'n onvermoë om besluite te neem en keuses te maak rondom 'n beroepslewe, sosiale rolle asook 'n seksuele oriëntasie kenmerke van nie-suksesvolle integrasie.

Gevolgtrekking: Indien die adolessent nie tot identiteit kom gedurende hierdie fase nie, word die onopgeloste konflik as identiteitsverwarring potensieel oorgedra na die volgende fase van ontwikkeling. Die probleme wat daaruit ontstaan, is dat persone nie naby verhoudings kan vorm nie en ook nie hulself met ander kan deel nie. 'n Gevoel van isolasie, 'n vrees vir gekommitteerde verhoudings en 'n onvermoë om ander mense te vertrou, vergroot. Identiteitsverwerwing by seksueel mishandelde persone geskied dikwels in terme van 'n slagoffer-identiteit en dit is hoe hulle hulself voorhou aan die wêreld.

In **hoofstuk 5** is seksuele mishandeling as fenomeen bespreek. Die verskillende vorme van seksuele mishandeling is saamgevat. Etlike mites en feite rondom seksuele mishandeling is uitgewys. Die impak van seksuele mishandeling op die slagoffer is bespreek.

Gevolgtrekking: Seksuele mishandeling laat 'n letsel op 'n slagoffer. Verskillende faktore bepaal die letsel(s), soos byvoorbeeld die tydsverloop wat die mishandeling geduur het, die ouderdom van die slagoffer toe die mishandeling plaasgevind het, die posisie wat die oortreder het by die kind, die reaksie van die persoon aan wie die mishandeling gerapporteer is en of die slagoffer onthef word van blaam vir die daad.

### 7.3.2 KWALITATIEWE ONDERSOEK

In **hoofstuk 6** is die ondersoekmetode weer kortliks uiteengesit. In die empiriese ondersoek is vyf gevalle aangebied. Die respondente is saamgestel uit drie

bevolkingsgroepe naamlik: wit, bruin en swart ten einde te voldoen aan die eis van 'n kruiskulturele studie. Die adolessente se ouderdomme het gewissel tussen 17 en 23 jaar.

Die fokuspunte was om die impak van seksuele mishandeling op adolessente se identiteitsverwerwing te evalueer; om te bepaal of die ontwikkelingstake vir adolessensie volgens Erikson oor kultuurgrense heen dieselfde betekenis het; om kliënte se vermoë tot die herskrywing van hul eie storie te ondersoek; om die gebruikswaarde van ko-terapeute op kruiskulturele gebied na te speur en om die buigsaamheid van narratiewe terapie te illustreer.

Nadat die terapie met die respondente afgesluit is, het die terapeut en respondente gesamentlik opgetree as outeurs deur fisies hul storie neer te skryf. Veldnotas, tekeninge wat deur die respondente ten tyde van terapie gemaak is, projekte soos die dans en ontwerpe gemaak ter verduideliking van stories is teruggehandig aan die respondente sodat hulle hul eie storie daaruit kon dikteer.

## 7.4 ALGEMENE GEVOLGTREKKINGS TEN OPSIGTE VAN RESULTATE

In dié studie, **'n ondersoek na kruiskulturele, narratiewe terapie vir adolessente wat seksueel mishandel is**, is daar gepoog om aan die spesiale behoeftes van hierdie spesifieke, unieke groep reg te laat geskied sonder om hulle verder te etiketteer.

Die herhalende temas wat uit die studie na vore gekom het, is uitgewys in hoofstuk 6. Aanvullend tot hierdie analise tree ook die volgende bevindings na vore in hierdie studie. Die korrelasie tussen die bevindings en die navorsingsdoelwitte soos gestel in hoofstuk een word ook uitgewys:

### 7.4.1 OOREENKOMSTE

Die volgende ooreenkomste het na vore getree in hierdie studie:

- By al vyf die respondente was daar **'n krisis teenwoordig rakende hul identiteit**. Seksuele identiteit is deel van menswees. Die respondente wat te

kenne gegee het dat hulle ook verward is oor hul seksuele identiteit, presenteer met outentieke identiteitsverwarring. Aangesien vorige konflikte (soos die seksuele mishandeling) nog nie in hul lewe geïntegreer is nie, kon hulle nog nie hul identiteit vestig nie. Volgens Erikson moet die adolessent 'n antwoord kan gee op die vraag: 'Wie is ek'? Indien die adolessent dit kan doen, is daar sekerheid oor identiteit en 'n gereedheid om toekomsplanne in werking te stel. By al vyf die respondente in hierdie studie was daar identiteitsverwarring en kon hulle volgens Erikson se teorie nie antwoord op die vraag: 'Wie is ek'? nie.

- 'n **Verduisterde toekomsperspektief** is geïdentifiseer by al die respondente. Aan die einde van die terapie het al die respondente het te kenne gegee dat hulle aan die einde van die terapie hulself nie meer geëtiketteer en as die slagoffer voorgestel het nie, maar as die *survivor* en dat hulle weer toekomsplanne vir hulself kon daarstel. Uit hierdie gegewens wil dit dus blyk dat die vestiging van 'n eie identiteit by adolessente vanuit alle kulture wat 'n slagoffer van seksuele mishandeling is, in gebreke gebly het.

Met die identifisering van hierdie twee ooreenkomste word die **eerste navorsingsdoelwit** in die onderhawige studie gedeeltelik bereik, naamlik dat die navorser wou vasstel of seksuele mishandeling binne kruiskulturele konteks verskillend ervaar en vertolk word en hoe dit impakteer op die voltooiing van die ontwikkelingstake deur die adolessent.

- Mense beskik oor die vermoë om die storie van hul eie lewe te skryf. Al die respondente het **versterking** geput **uit die stories van ander** wat dieselfde trauma moes verwerk. Dit het by almal 'n gevoel gelaat van 'dan kan ek ook my storie herskryf'. Stories is oor kultuurgrense heen gedeel. Respondente was **geïnteresseerd in die verwerking van trauma** in die ander *survivors* se lewens en nie oor die kleur of geslag van die *survivor* nie. Hierdie *survivors* kon dien as rolmodelle. Sterk identifikasie met ander slagoffers van seksuele mishandeling het na vore getree. Oor kleurgrense heen was daar sterk empatie met ander slagoffers van seksuele mishandeling. Briefies wat aan ander slagoffers geskryf is, het spontaan ontstaan. Nadat Charlene (geval 5) verneem het van Barbara (geval 4) se verkragting het sy vir haar 'n briefie geskryf en daarmee saam 'n beertjie aan die navorser gegee om aan Barbara te oorhandig.

Voorgenome ooreenkoms toon aan dat die **tweede navorsingsdoelwit** bereik is deurdat die navorser ondersoek wou instel na die mate waartoe 'n ander slagoffer wat reeds die trauma van seksuele mishandeling geïntegreer het, positiewe invloed kan uitoefen op 'n ander slagoffer wat nog nie die trauma van seksuele mishandeling verwerk het nie.

- Die fisiese aandeel in die herskrywingsproses was vir elke respondent van groot waarde. Hierdie 'nuwe' hoofstuk in elkeen se lewe het vir hulle iets gegee om aan vas te hou omdat hierdie nuwe hoofstuk 'n vernuwing in proses is. Van die respondente het ná die afsluiting van die terapie gesê dat hulle daagliks hul storie vir hulself lees en dat dit hulle help om elke dag hul nuwe storie te lééf. Hierdie **fisiese proses van ko-outeuring** tussen terapeut en kliënt blyk dus **'n belangrike komponent** van terapie te wees vir seksueel mishandelde persone ten einde die outeurskap in hul lewe terug te neem vanaf die probleemdeurdrenkte storie wat hul lewe oorheers het.

Hierdie ooreenkoms toon aan dat die **vierde navorsingsdoelwit** gestel deur die navorser bereik is: die navorser wou aantoon hoe kliënte aktief kan deelneem aan die fisiese herskrywing van die alternatiewe storie van hul lewe.

- Elke respondent het aangedui dat die seksuele mishandeling **'n impak op hul lewens gehad het** – ongeag ras of geslag – **alhoewel die impak daarvan van respondent tot respondent verskil het**. Die aantal sessies per respondent het as gevolg hiervan wesenlik van mekaar verskil: geval 1 (Martie) het die terapeut vir 7 sessies gespreek; geval 2 (Anna) het vir drie sessies aangemeld en nie opgedaag vir die vierde sessie nie, omdat sy gevoel het dat sy nie verdere terapie benodig nie; geval 3 (Heinrich) het aanvanklik vir traumaberading aangemeld – die sessies waarin die seksuele mishandeling en die gevolge daarvan gehanteer is, het twaalf sessies beloop; geval 4 (Barbara) het drie keer die terapeut gespreek en geval 5 (Charlene) het twaalf terapiesessies gehad. Die verskil in die impak wat seksuele mishandeling op die lewe van die respondente gehad het, is nie geleë in die vorm van seksuele mishandeling waaraan die respondent blootgestel was nie, maar eerder in die uniekheid van die gebeure en hantering daarvan en dat geen gebeurtenis of situasie ooit op presies dieselfde wyse presenteer in twee mense se

lewens nie. Die feit dat die aantal sessies wat die respondente in terapie was van mekaar verskil het, bevestig dat elke mens uniek is en hul eie tyd neem vir die herskrywing van hul probleemdeurdrenkte storie.

Voorgenome ooreenkoms bevestig die gedeeltelike bereiking van die **derde navorsingsdoelwit**: die navorser wou vasstel of sekere vorme van seksuele mishandeling minder impakteer op 'n slagoffer se lewe as ander vorme van seksuele mishandeling.

- Al die respondente het aangedui dat **hul vrede met God versteur is as gevolg van die seksuele mishandeling**. Vir geeneen van die respondente was dit 'n maklike pad na herstel nie. Gevalle 1, 3 en 5 het te kenne gegee dat dit vir hulle 'n tydperk van wroeging was. Gevalle 2 en 4 het laat blyk dat hulle ook by berusting kon uitkom en dat hulle onderskeidelik weer kon bid en kon kerk toe gaan. Vir al die respondente was die herstel van hul verhouding met God 'n stap wat heling in hul lewe bevestig het.
- Die kruiskulturele benadering tot terapie wat gevolg is, is 'n transendente benadering wat erkenning gee daaraan dat **universele behoeftes by alle mense teenwoordig is – 'n behoefte soos liefde van en vir ander mense en 'n behoefte om waardevol te wees**. Hierdie benadering gee ook erkenning daaraan dat spesifieke groepe spesifieke behoeftes sal hê wat deur ander mense begryp moet word en wat aangespreek moet word vanuit die hulpverleningsprofessie. Tegnieke en strategieë is daarom aangepas vir die behoeftes van die groep (Hickson & Kriegler, 1996: 143). Wanneer enkelbenaderings in terapie gebruik word soos wat ondervind mag word by leketerapeute asook terapeute wat slegs een benadering aanhang, is die ontginning van ander opsies onmoontlik. In hierdie studie is die tegnieke van ander benaderings tot voordeel van die kliënt en terapeut gebruik. Die volgende is 'n aantal tegnieke wat ten tyde van hierdie studie 'geleen' is:
    - Psigoanalise: **Analise van weerstand** is gedoen wanneer slagoffers byvoorbeeld nie sou kans sien om die volgende stap in hul helingsproses te neem nie. Hulle sou byvoorbeeld self by die antwoord uitkom dat hulle die oortreders sou moes vergewe ten einde self vry te kon word. **Vrye assosiasie** is gebruik om kliënte oor 'n stadium te help deur aan hulle vryheid te gee om te praat en te deel net wat hulle op daardie stadium wou.

- Humanisties-eksistensiële terapie: Die **herstrukturering van waardes en houdings** is as tegniek gebruik. Slagoffers van seksuele mishandeling ervaar dikwels dat hul waardestruktuur ook 'gesteel' is ten tyde van die seksuele mishandeling. Hulle self kan dit egter weer in plek stel en die beheer daarvan terugneem. Respondente is ook uitgedaag om die **sin van hul lewe** weer te ontdek. **Aannames oor foutiewe denke is verhelder** wanneer slagoffers gereken het dat hulle moontlik iets kon gedoen het om die verkragting te voorkom of om 'n einde aan die molestering te maak.
- Persoonsgesentreerde terapie: Kliënte is self verantwoordelik vir die **herorganisasie** wat moet plaasvind. Die respondente moes self besluit ten opsigte van aksies wat van week tot week geneem word. Respondente is gevra om **aktief** na hulself **te luister** wanneer teenstrydighede voorgekom het in hul stories. Hierdie leidrade wat hulle self meegedeel het, kon lei tot **selfeksplorasie**.
- Gestaltterapie: Die **leë stoel-tegniek** is soms gebruik wanneer die gesprek rondom eksternalisering plaasgevind het. Hierdie tegniek het veral goed gewerk by die swart kliënt wat nie in haar moedertaal terapie ontvang het nie. Slagoffers van seksuele mishandeling is geneig daartoe om oorafhanklik van ander mense te wees. **Selfondersteuning** is derhalwe gebruik ten einde kliënte te lei daartoe om meer verantwoordelikheid vir hulself en hul heling te aanvaar. Respondente is deur die tegniek van **dialoogoefening** gehelp om hulself te antwoord wanneer daar vrees by slagoffers was indien hulle met die oortreder gekonfronteer sou word.
- Realiteitsterapie: Die **opstel van strategieë vir die bereiking van doelwitte** is gebruik om stapsgewys by 'n nuwe identiteit uit te kom. Alhoewel die terapeut nie die ekspert is in die terapeutiese situasie nie, is die terapeut deel van die **aangaan van 'n verbintenis** tussen kliënt en terapeut en neem die terapeut nie 'n *laissez-faire* houding in nie.
- Behaviorisme: **Vaardighede en prosedures** is dikwels gebruik ten einde slagoffers te help om beheer oor hul omgewing te verhoog. Slagoffers sou byvoorbeeld geleer word om die 'gekontamineerde' gedagtes in 'n boksie te plaas wanneer hulle sekere take, soos skoolwerk, moes doen. Wanneer hulle dan klaar was met die taak, kon hulle weer die gedagtes uithaal. Die gekontamineerde gedagtes is later vir al hoe langer tye 'geboks' en net op spesifieke tye uitgehaal om daaroor te dink.

- Rasioneel-Emotiewe terapie: Die **ontdekking van irrasionele denke** is dikwels as tegniek gebruik veral wanneer slagoffers vas onder die indruk was dat hulle as kind 'n aandeel in die seksuele mishandeling gehad het of dat hulle dit moes stopgesit het.
- **Ouderdomsprogressie** as tegniek is dikwels gebruik ten tyde van die sessies met die opdrag dat slagoffers moet probeer om hulself in te dink hoe hul lewe oor drie maande, 'n jaar of drie jaar sal wees wanneer hulle weer die beheer van hul lewe teruggeneem het.

Die toegang tot meer benaderings en meer tegnieke lei tot optimale terapie vir die kliënt. Al die tegnieke wat gevolg is, het saamgewerk sodat die **slagoffers van seksuele mishandeling 'n *survivor*-identiteit kon verwerf in die verloop van hierdie studie**.

Voorafgaande verduideliking van die gebruik van tegnieke uit ander terapiebenaderings bevestig die bereiking van die **vyfde navorsingsdoelwit** gestel deur die navorser: die navorser wou aantoon dat narratiewe terapie as 'n aksie- en insiggeoriënteerde terapievorm kan funksioneer deur ook van ander terapiebenaderings te 'leen'. Hiermee word die standpunt van 'insluiting tot voordeel van die kliënt' benadruk.

## 7.4.2 VERSKILLE

Die volgende verskille het na vore getree tydens die studie:

- Vrees vir intimidasie en vir wat die oortreder aan die slagoffer kan doen, speel in die bruin en swart kulture 'n groter rol as by die slagoffers uit die wit kultuur. Selfs lank nadat die molestering reeds opgehou het of lank nadat die verkragting reeds verby is, lê vrees steeds die slagoffers uit die bruin en swart gemeenskap lam. Hulle was minder geneë om deel te neem aan die navorsing uit vrees vir wat met hulle mag gebeur sou die oortreder uitvind dat hulle 'gepraat' het.
- Slagoffers uit die wit kultuur aanvaar met groter geredelikheid dat hul konfidensialiteit gewaarborg word.
- Behalwe vir die herskrywing van die bruin en swart slagoffers se alternatiewe storie wat ten opsigte van tydsduur vinniger verloop as die wit slagoffers se terapieë, was

daar geen noemenswaardige ander verskille wat in die studie geblyk het rakende verskille tussen die belewings van wit, bruin en swart slagoffers nie. Dit wou voorkom dat die probleemdeurdrenkte storie met meer krag in die lewens van die wit slagoffers geïmpakteer het. Die navorser wil dié verskil in hiérdie geval toeskryf aan die moontlikheid dat wanneer laevlakbehoeftes (ook genoem fisiologiese behoeftes) soos kos, kleding en behuising redelik bevredig is die hoëvlakbehoeftes soos agting, selfagting en selfaktualisering meer op die voorgrond tree. Die drie wit respondente het uit gemiddelde tot bo-gemiddelde gesinne gekom, terwyl die bruin en swart respondente nie dieselfde geleenthede en blootstelling gehad het in hul gesin van oorsprong nie.

Met die identifisering voorgenoemde drie verskille word die **eerste navorsingsdoelwit** in die onderhawige studie gedeeltelik bereik: die navorser wou vasstel of seksuele mishandeling binne kruiskulturele konteks verskillend ervaar en vertolk word en hoe dit impakteer op die voltooiing van die ontwikkelingstake deur die adolessent.

- Beide die verkragtingslagoffers het wel 'n klag teen die oortreder by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aanhangig gemaak. Geeneen van die slagoffers geraak deur molestering het klagtes by die owerhede ingedien nie. Volgens die slagoffers van verkragting wou hulle sien dat reg en geregtigheid geskied, terwyl die slagoffers van molestering nie die kans wou neem dat die gesinsverhouding waarin hulle staan, moontlik skade kon ly nie.

Hierdie verskil bevestig die gedeeltelike bereiking van die **derde navorsingsdoelwit**: die navorser wou vasstel of sekere vorme van seksuele mishandeling minder impakteer op 'n slagoffer se lewe as ander vorme van seksuele mishandeling.

Leemtes wat ervaar is in hierdie studie sal vervolgens bespreek word.

## 7.5 LEEMTES TEN OPSIGTE VAN DIE NAVORSING

Die volgende leemtes het duidelik geblyk tydens die navorsing:

- Die navorser sou graag van 'n groter verskeidenheid kliënte gebruik wou maak. Bruin en swart kliënte was oor die algemeen onwillig om deel te neem aan die studie. Hulle voer aan dat hulle viktimisasie en intimidasie vanuit die gemeenskap vrees ten spyte daarvan dat versekering gegee is dat die studie vertroulik is en dat geen identifiserende inligting bekend gemaak sou word nie. Tydens 'n telefoongesprek met superintendent André Neethling van die Kinder-beskermingseenheid aan die Oos-Rand meld hy dat daar weinige aanmeldings vanuit die Indiërgemeenskap is, aangesien seksuele mishandeling 'in die gemeenskap self hanteer word'. Mnr. Lottering, skoolhoof van Alrapark Sekondêre Skool, wys die navorser daarop dat in die bruin gemeenskap seksuele mishandeling as 'n 'groot skaamte' geag word en dat dit een van die redes is hoekom bruin mense nie maklik sal praat oor hierdie tipe insidente nie. Viktimisering en intimidasie kom voor en daarom sal baie kinders eerder nie 'n saak maak nie.
- Die navorser het 'n versoek aan superintendent Seimela (Aanhangsel P) gerig ten einde relevante statistiek te bekom rakende die geskiedenis van aanmeldings in terme van die bevolkingsgroepe. Geen skriftelike antwoord is egter ontvang nie. Me. Landi van superintendent Seimela se kantoor deel die navorser telefonies mee dat die vorm vir aanmeldings nie meer voorsiening maak vir die vermelding van ras nie.
- 'n Leemte in die literatuurstudie is dat daar nie 'n in-diepte oorsig gevind kon word wat die integrasie van verskillende teorieë aangedui het nie. Die navorser moes dus op haar eie insig staatmaak rakende die gebruik en integrering van die verskillende tegnieke.
- In die studie is die fokus geplaas op die respondente se herskrywing van hul eie stories. Tydens die rekonstruksieproses, waar die notas gemaak deur die navorser teruggehandig is aan die respondente sodat hulle hul eie verhaal kon dikteer, het daar wel sekere aspekte van die terapiesessies verlore gegaan omdat dit nie noodwendig vir die kliënte van belang was om spesifieke insidente in hul stories op te neem nie. Hiermee het die navorser dan ook eerstens erkenning gegee aan die respondente se vrye keuse oor die inhoud wat hulle in hul lewe wil inskryf en oor die mens se eie reg op sensorskap, maar het die navorser ook tweedens gehou by die etiese riglyne vir navorsers soos weergegee in hoofstuk een (sien 1.3.4) deurdat respondente gerespekteer is vir hul beskrywings rakende die inhoud wat hulle weergee.

- Alhoewel die fisiese herskrywing van die respondente se stories ongeveer twee tot drie maande ná die afsluiting van terapie plaasgevind het, kon die volhoubaarheid van hierdie nuwe stories nie bepaal word nie.
- Aangesien 'n gevallestudienavorsingsmetode tydens hierdie ondersoek gebruik is, kan die afleidings wat in hierdie studie gemaak is, nie veralgemeen word nie. Die ideaal sou wees om die resultate wat verkry is, deur middel van 'n nomotetiese ondersoek waarby meer respondente betrek word, te kontroleer.

## 7.6 AANBEVELINGS

Verdere aanvullende navorsing kan moontlik ten opsigte van die volgende onderneem word:

- 'n Longitudinale studie oor 'n tydperk van tien jaar gevolg met *survivors* van seksuele mishandeling. Enkele voorstelle in dié verband sou die volgende insluit:
    - 'n gesprek met die kliënt elke ses maande ten einde te monitor in watter mate die nuwe rigting van die selfgekose storie volgehou word en
    - om te bepaal of destruktiewe gedrag soos wat dit in ander slagoffers van seksuele mishandeling blyk, wel geminimaliseer of uitgeskakel is as gevolg van tydige terapie en die herskrywing van 'n persoonlike narratief.
- Van die respondente wat deelgeneem het aan hierdie studie het te kenne gegee dat hulle nie met personeel by die skool sou gaan praat het oor hul seksuele mishandeling nie, want 'dan sal almal by die skool daarvan weet'. Kinders behoort toegang tot kundiges van buite die skool te hê met wie hulle kan konsulteer. In hierdie verband sal dit ook 'n verdere uitvloeisel tot gevolg hê, naamlik dat adolessente tydens skoolure professionele persone, soos sielkundiges, mag spreek sonder die toestemming van hul ouer(s). Die beperking dat kinders nie deur sielkundiges gespreek mag word sonder die toestemming van hul ouers nie, sal dus deur die HPCSA opgehef moet word.
- Gesprekke oor seksuele mishandeling behoort in skole deur deskundiges op 'n gereelde grondslag aangebied te word. Hierdie gesprekke behoort op 'n vertroulike, nie-veroordelende wyse plaas te vind sodat adolessente daarmee kan identifiseer en tydig om hulp kan aanklop.
- Ten tyde van die navorser se opleiding as opvoedkundige-sielkundige het sy geen opleiding ontvang rakende terapie aan seksueel mishandelde kinders en adolessente

nie. Gegewe die statistiek wat beskikbaar is sowel as die feit dat hierdie statistiek moontlik net die punt van die ysberg kan wees, is dit van kardinale belang dat seksuele mishandeling as tema – maar veral die hulpverlening aan slagoffers – deel van dié opleiding behoort te wees.

- Ouers gee dikwels te kenne dat hulle self min tot geen inligting rakende geslagsopvoeding ontvang het nie. Gemeenskapsorganisasies en kerke behoort meer aktief aan hierdie gesprekke te begin deelneem en ouers toe te rus vir hul opvoedingstaak. Die gebrek aan die oordrag van hierdie tipe inligting reflekteer die samelewing se algemene erotofobie of ongemak met betrekking tot seksuele vraagstukke veral wanneer dit die toerusting van adolessente raak. Ouers sal dikwels te kenne gee dat hulle wag vir die 'regte' tyd om met hul kinders oor seksuele mishandeling te praat. Dit wil blyk asof daar nooit 'n 'regte' tyd kan wees nie, maar dat ouers reeds kinders van jongs af met gepaste inligting moet toerus.
- Indien die strafstelsel vir persone wat hulle aan molestering skuldig maak, gewysig sou kon word, sou meer slagoffers na vore kom. Die moontlikheid dat die gesin sonder die broodwinner sou moes voortgaan wanneer die oortreder – indien dit die vader van die gesin is – tot gevangenisstraf gevonnis sou word, weerhou baie slagoffers, asook diegene wat wel bewus is van die molestering, om dit aan te meld. Sou dié persoon wel verwyder word vanuit die gesinsopset, maar toegelaat kon word om steeds vir die gesin te sorg, word die oortreder gestraf en nie die hele gesin nie. 'n Kommune-opset waarheen oortreders wat vonnis uitdien, saans ná werk kan en moet terugkeer vir die duur van hul vonnis, kan dalk 'n oplossingsmoontlikheid wees. Hierdie aanbeveling ten opsigte van die wysiging van straf aan die oortreder is ook in pas met die onlangse wysiging van die Metusalem-strawwe van die appèlhof waar onvanpaste strawwe tot 'n einde gebring is. Straf moet rehabilitasie en die bekamping van misdaad as oogmerk hê (Beeld, 25 September 2002: 10).

## 7.7 DIE POTENSIËLE WAARDE VAN HIERDIE STUDIE VIR DIE OPVOEDKUNDIGE SIELKUNDIGE STUDIETERREIN

Die navorser vertrou dat sy met hierdie studie 'n bydrae gelewer het tot die terrein van terapie aan adolessente wat seksueel mishandel is. Indien slagoffers van seksuele mishandeling reeds gedurende hul adolessente jare die pad na genesing kan begin loop,

kan baie destruktiewe gedrag in die volgende ontwikkelingsfase, naamlik volwassenheid, verhoed word. Baie volwasse slagoffers van seksuele mishandeling vertel 'n verhaal van verskeie beraders en sielkundiges wat reeds gespreek is oor die probleemdeurdrenkte storie van hul lewe. Hulle kon nog nooit 'n antwoord vir hulself vind oor dié gebeure nie. Beraders en sielkundiges moet slegs die proses fasiliteer waarin slagoffers hul eie antwoorde moet vind. Eers wanneer 'n slagoffer die 'sin van die lewe' in hul eie lewe ontdek het en hulself kan antwoord op die gebeure, kan hulle begin om 'n alternatiewe storie te skryf.

Die aandeel wat respondente in hierdie studie gehad het, as ko-terapeute of kulturele vennote, nie net in die fisiese herskrywing van hul eie verhaal nie, maar ook in die lewe van ander, is 'n tegniek wat sielkundiges met groot vrug in die praktyk kan gebruik om kliënte te help om emosionele sluiting te vind.

## 7.8 SLOTOPMERKING

Met die eksternalisering van die probleem, die herskryf van die storie, die ontwikkeling van 'n teks na narratiewe analogie en die ontdekking van die betekenis wat 'n probleem vir die individu inhou, word die krag in bruikbaarheid van 'n narratiewe benadering gedemonstreer.

Stories beskerm mense teen chaos deur aan hulle 'n eenheid van kennis te bied gefundeer op die onthouvermoë van die individu en dit gee sin aan mense se stories - elke prentjie vertel 'n eie verhaal, ongeag of die prentjie aan die begin of in die middel of aan die einde is.

Adolessensie is 'n tydperk wat gekenmerk word deur veranderinge op vele terreine wat aanpassing verg vanaf die kant van die individu. Daarom is die navorser van mening dat adolessensie as 'n prototipiese eksemplaar voorgehou kan word vir verandering dwarsdeur die mens se lewensverloop: gedurende enige daaropvolgende fase of krisis, soos die middel-lewensjare, die leë-nes verskynsel, ensovoorts, kan die hersiening van die adolessensie-narratief gebruik word vir herskrywing van die storie: jong mense kyk vorentoe, ou mense kyk terug en middeljariges kyk rondom hulle heen. Alle teorieë, insluitend narratiewe benaderings, is lense. Om meer as een lens te gebruik help om

probleme te voorkom wat voortspruit wanneer slegs een lens gebruik word om 'n gesin, persoon of situasie te bekyk. Veelvuldige perspektiewe kan na vore kom vanuit verskillende lense wat gebruik word.

## 7.9 DIE EINDE VAN DIE EINDE

Hiermee oorhandig die navorser hierdie studie aan die leser om dit toe te eien en te evalueer in terme van bruikbaarheid – nie net in terme van bruikbaarheid in die lewens van ander nie, maar ook vir die hantering van persoonlike lewensvraagstukke en die fasilitering van lewensukses.